Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2020

VERBRUIKERSTUDIES

PUNTE: **200**

TYD: **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

AFDELING		PUNTE	TYD (minute)
VRAAG 1:	Kortvrae (Al die onderwerpe)	40	20
VRAAG 2:	Die Verbruiker	20	20
VRAAG 3:	Voedsel en Voeding	40	40
VRAAG 4:	Kleding	20	20
VRAAG 5:	Behuising	40	40
VRAAG 6:	Entrepreneurskap	40	40
	TOTAAL:	**200**	**180**

2. Al die vrae is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.1. 21 D.

1.1.1 Die berekening van dié tipe rente neem nie die rente van die beleggingsgroei in aanmerking nie:

A Saamgestelde rente
B Vaste rente
C Veranderlike rente
D Eenvoudige rente (1)

1.1.2 Die Wet wat die rentekoers deur kredietvoorsieners hef, beheer:

A Finansiële Intelligensie Wet
B Wet op Verbruikersbeskerming
C Nasionale Kredietwet
D Nasionale Verbruikerstribunaal (1)

1.1.3 Voedsel-items met ’n nulkoers-BTW, sluit in …

A lensies, mielierys, melk en kaas.
B droë bone, vrugte, kaas en eiers.
C rys, stampmielies, eiers en bruinbrood.
D bruinbrood, melk, tuna en olie. (1)

1.1.4 Voorlopige belasting sal betaal word:

A Op ’n maandelikse basis dieselfde tyd wat die inkomste verdien word
B In twee paaiemente oor die belastingjaar versprei
C ’n Enkele enorme bedrag aan die einde van die belastingjaar
D Maandeliks deur individuele met inkomste bo die belastingdrempel (1)

1.1.5 Watter van die volgende sal bydra tot wanvoeding by mense wat aan MIV/Vigs ly?

A Te veel onoplosbare veselinname
B Drink baie skoon en veilige water
C Eet ses klein maaltye per dag
D Eet baie vrugte en groente (1)

1.1.6 Thando het gastroënteris. Die hoof-komplikasie sal … wees.

A nierversaking
B dehidrasie
C hoes
D lewerbeskadiging (1)

1.1.7 ’n Voordeel van die inname van lae GI-voedsel:

A Vernouing van are
B Cholesterolvlakke word goed beheer
C Bloedsuikervlakke word beter beheer
D Die pankreas is oorgestimuleer (1)

1.1.8 ’n Voordeel van geneties gemodifiseerde voedsel:

A Geen chemikalieë of insekdoders word gebruik nie
B Afvalmateriaal word in die grond teruggeploeg
C Die gebruik van groeihormone en antibiotika
D Die gewasse groei vinniger, dus kan meer mense gevoed word (1)

1.1.9 Die volgende tipe additiewe het ’n negatiewe invloed op sommige kinders se gedrag:

A Kleurmiddels
B Emulsifiseerders
C Stollingsagente
D Stabiliseerders (1)

1.1.10 Hierdie siekte word nie deur gekontamineerde water oorgedra nie:

A Hepatitis A
B Escherichеae-coli
C Tuberkulose
D Disenterie (1)

1.1.11 Die standaardmode bly in vir …

A ’n seisoen.
B 2 tot 3 jaar.
C baie seisoene.
D 5 tot 6 jaar. (1)

1.1.12 Die veranderinge in romplengte is ’n voorbeeld van:

A ’n Neiging
B ’n Silhoeët
C Massa-mode
D Couture (1)

1.1.13 Die faktor wat die hoeveelheid bedrag bepaal wanneer ’n persoon vir ’n huislening aansoek doen:

A Plek
B Inkomstevlak
C Familiegrootte
D Beroep (1)

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Indien jy besluit om ’n huis te bou, moet jy seker maak dat die bouer met die … geregistreer is.

A NHBRR
B SAUK
C NKW
D SAID (1)

1.1.15 … dien as ’n vorm van sekuriteit vir die terugbetaling van ’n lening.

A Kollateraal
B Verband
C Lening
D Subsidie (1)

1.1.16 Die kriteria wat oorweeg moet word wanneer huishoudelike toestelle vir verbruikers met ’n verskeidenheid gestremdhede gekoop word:

A Beskikbare ruimte
B Universele ontwerp
C Energieverbruik
D Omgewingsimpak (1)

1.1.17 Vir ’n besigheid om volhoubaar te wees, moet die ...

A totale bedrag geld ontvang gespaar word.
B wins behou word sonder om beskikbare kontant uit te put.
C produk vars en beskikbaar wees.
D personeel goed opgelei en vaardig wees. (1)

1.1.18 ’n Moontlike risiko van te veel voorraad:

A Voorraad mag onbruikbaar of beskadig raak
B Die besigheid se reputasie kan skade ly
C Produksie raak stadiger
D Groot bestellings raak verlore (1)

1.1.19 ’n Voorbeeld van goeie kliënteverhoudinge:

A Skenk later aandag aan klagtes eerder as onmiddellik
B Gebruik die terugvoering om dienste te verbeter
C Skakel kliënte terug as jy nie besig is nie
D Vra die winkelassistent om vriendelik te wees (1)

1.1.20 Hierdie aspek van ’n besigheid verseker dat die produkte aan die voorgeskrewe standaarde voldoen:

A Finansiële bestuur
B Voorraadbeheer
C Produkspesifikasie
D SWOT-analise (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies die voedselverwante siekte in KOLOM B wat by die bestuur in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.5 G.

KOLOM A BESTUUR		KOLOM B VOEDSELVERWANTE SIEKTE	
1.2.1	Vermy oortollige hoeveelhede proteïene wat kalsium uit die bene onttrek	A	Anemie
1.2.2	Verhoging van Vitamien C sal met die absorpsie van yster help	B	Hoë bloedcholesterol
1.2.3	Dieetkundige berading om ŉ gebalanseerde voedsel-inname te verseker	C	Vetsug
1.2.4	Verminder die kilojoule-inname deur kleiner hoeveelhede voedsel in te neem.	D	Hoë bloeddruk
		E	Osteoporose
		F	Anoreksie nervosa

(4 x 1) (4)

1.3 Kies die verduideliking in KOLOM B om by ŉ term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld.1.3.6. H.

KOLOM A TERM		KOLOM B VERDUIDELIKING	
1.3.1	Oorhoofse koste	A	Die vloei van geld in en uit ŉ besigheid
1.3.2	Kapitaal	B	Die koste van die produk word deur die verkope gedek
1.3.3	Verkoopprys	C	Addisionele kostes soos lone, elektrisiteit, water en skoonmaakmiddels
1.3.4	Wins	D	Die bedrag wat oorbly na die uitgawes van die inkomste afgetrek is
1.3.5	Produksiekoste	E	Die prys soos vertoon op die produk wat alle uitgawes insluit
		F	Geld of bates wat gebruik word om ŉ besigheid te begin
		G	Die totale bedrag om vir materiaal en oorhoofse koste te betaal

(5 x 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.4 Kies die korrekte woord/term in hakies. Skryf slegs die korrekte woord/term langs die vraagnommers (1.4.1–1.4.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.4.1 ’n Stel reëls oor die kleredrag wat ’n maatskappy verwag die werkers moet dra word die (aantrekkode/gedragskode) genoem.

1.4.2 Die (markgroep/teikenmark) is ’n groep potensiële kopers wat ’n produk sal koop.

1.4.3 Die (handelsmerk/handelmerkwet) maak dat die produk makliker herkenbaar en onderskeibaar is van kompeterende produkte.

1.4.4 Die produksie van goedere om aan die basiese behoeftes van die verbruiker te voorsien en om die kwaliteit van lewe te verbeter sonder om die omgewing te beskadig, is ’n volledige definisie vir (volhoubare produksie/volhoubare winsgewendheid).

1.4.5 Lisensies soos bestuurslisensies en motorlisensies is vorme van (direkte/indirekte) belasting.

1.4.6 (Korporatiewe drag/Slenterdrag) word ontwerp om ’n maatskappy te verteenwoordig en word by ’n werkplek gedra. (6 x 1) (6)

1.5 Identifiseer VYF KORREKTE stellings uit die onderstaande lys wat die tipe versekering wat van toepassing is op huiseienaars en hulle besittings aantoon. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Hierdie dekking beskerm werkers indien hulle beseer word terwyl hulle op ’n besigheidseiendom is.

B Hierdie polis beskerm begunstigdes sodat hulle nie ’n verband hoef terug te betaal as die eienaar te sterwe kom nie.

C Hierdie dekking sluit strukture soos ’n motorhuis en ’n swembad in.

D Hierdie dekking beskerm die familie teen die emosionele las om geld vir ’n begrafnis te soek.

E Hierdie polis dek ’n struktuur van ’n gebou teen skade wat deur natuurlike rampe veroorsaak word.

F Dit dek enige mediese noodgevalle soos onverwagte siekte.

G Dit dek die verlies van huishoudelike goedere soos meubels en toebehore weens diefstal.

H Hierdie polis kan permanente toebehore soos baddens en toilette insluit en teen skade tydens ’n vuur/brand beskerm. (5 x 1) (5)

[40]

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

> Die regering het ’n vyf weke inperking, van 27 Maart 2020 tot 30 April 2020, as gevolg van Covid-19 ingestel. Die reeks van produkte vir huishoudings was beperk; net sekere aankope is toegelaat. Statistiek SA het volgehou om die prysveranderinge van items in die VPI-mandjie te meet, maar op ’n kleiner mandjie van goedere en dienste. Die inperking het dit genoodsaak om die monitering van pryse van goedere op ’n weeklikse basis as ’n tydelike maatstaf te doen.
>
> [Aangepas uit *Stats SA*]

2.1.1 Skryf die afkorting VPI volledig uit. (1)

2.1.2 Die inperking het dit genoodsaak om die monitering van pryse van goedere op ’n weeklikse basis as ’n tydelike maatstaf te doen. Verduidelik hoe die monitering van die mandjie saamgestel is. (1)

2.1.3 Bespreek wat met die frase, *’n mandjie van goedere en dienste* bedoel word. (2)

2.1.4 Verduidelik hoe die VPI gebruik word as ’n indikator om inflasie te meet. (3)

2.2 Lees die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat volg.

> In Mei 2020 is die repokoers verlaag om die ekonomie wat verswak is deur Covid-19 inperking, te ondersteun.
>
> [Aangepas uit *Cape Business News*]

2.2.1 Noem die instelling wat die repokoers aanpas. (1)

2.2.2 Verduidelik hoe die verlaging van die repokoers die verbruiker wat geld op sy kredietkaart skuld, sou affekteer. (2)

Kopiereg voorbehou

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting op die sirkelgrafiek wat die belastinginkomste in Suid-Afrika aantoon en beantwoord die vrae wat volg.



2.3.1 Identifiseer die tipe belasting wat die grootste inkomste voorsien. (1)

2.3.2 Noem die tipe belasting waarvan die regering geen inkomste tydens die aanvanklike inperkingstydperk ontvang het nie. Bespreek waarom daar geen inkomste ontvang is nie. (4)

2.4 Regverdig waarom dit elke burger se morele verpligting is om belasting te betaal. (5)
[20]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Bestudeer die onderstaande tabel van twee gesondheidstafies en beantwoord die vrae wat volg.

	JUNGLE GRONDBOONTJIE-ENERGIESTAFIE	**TREK GRONDBOONTJIE-ENERGIESTAFIE**
INLIGTING VERWANT AAN ALLERGENE EN INTOLERANSIES	**ALLERGENE: GLUTEN (HAWERMOUT) GRONDBOONTJIES, KOEIMELK, NEUTE EN SOJA**	**GLUTEN, KORING EN SUIWELVRY**
VOEDINGSWAARDE	**Per 100 g**	**Per 100 g**
Energie	2 170 kJ	1 548 kJ
Proteïne	13 g	18,5 g
Koolhidrate wat totale suiker insluit	38 g 25,0 g	46,7 g 38,4 g
Totale vet waarvan versadig vette is.	34,3 g 13,4 g	10,9 g 1,8 g
Dieetvesel	8,3 g	5,5 g
Totaal natrium	166 mg	0,8 g

3.1.1 Lys TWEE groepe voedselsensitiewe verbruikers wat die eet van die Jungle-energiestafie moet vermy.
(MOENIE die allergene oorskryf nie.) (2)

3.1.2 Identifiseer van die voedingswaarde-inhoud, EEN regulasie wat deur die voorgeskrewe formaat van die etikettering van ’n voedselprodukgevolg is. (1)

3.1.3 Noem die gesondheidsverwante toestand wat ’n kan opdoen wat nie die advies om hoë natrium-inname te vermy, volg nie. (1)

3.1.4 Noem die stafie met die hoogste natrium-inhoud. (1)

3.2 Skryf ’n paragraaf om die gesondheidstoestand en oorsake van Tipe 1-diabetes te beskryf. (5)

3.3 Onderskei tussen *sistoliese bloeddruk* en *diastoliese bloeddruk* om bloeddruklesings te verduidelik. (4)

3.4 Bespreek DRIE redes waarom ’n skraal vyf-en-vyftigjarige vrou makliker vatbaar vir die ontwikkeling van osteoporose sal wees. (3 x 2) (6)

3.5 Noem TWEE voedselverwante siektes wat met ’n gebrek aan persoonlike higiëne geassosieer kan word. (2)

Kopiereg voorbehou

3.6 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

PLANTGEBASEER IS AAN DIE TOENEEM

Globaal het ons 'n fenomenale toename in plantgebaseerde maaltye gesien. 'n Suid-Afrikaanse Geregistreerde Dieetkundige en woordvoerder van die Assosiasie van Dieetkunde, Kelly Scholtz, sê: "Dit is reeds duidelik dat meer restaurante en handelaars in Suid-Afrika vleisalternatiewe, vegetariese en veganprodukte aanbied om die neiging te ondersteun. Dit dui ook op 'n groter aanvraag na plantgebaseerde opsies vir verbruikers, te ondersteun."

As 'n proteïenbron sluit peulgroente droë bone, droë ertjies, keker-ertjies en lensies in. Peulgroente is 'n lae-vet bron met hoë vlakke van proteïen en vesel. Hulle bevat ook belangrike vitamiene en minerale soos yster, kalium en folaat.

VOLHOUBAARHEID IS 'n MOET

Dié jaar en die jare hierna sal ons meer moet doen om die planeet te help. Afgesien van uiterste weerstoestande en die uitwissing van spesies sal die grootste impak van 'n veranderde klimaat die invloed op menslike voedsel-produksie en voedselbeskikbaarheid wees. Die wêreld se landbousisteem soos dit tans is hang van die stabiliteit van die aarde se klimaat af. Voedselprodukte sal waarskynlik duurder word indien dit nie volhoubaar geproduseer word nie of as die verskriklike droogte en ander klimaatsveranderinge die produksie meer uitdagend vir boere sal maak, verduidelik Kelly.

[Aangepas en vertaal uit www.womenshealth.co.za. Toegang op 20 Januarie 2020 verkry.]

3.6.1 Noem die term wat met die onderstreepte woorde in die onderstaande aanhaling verband hou:

"Die grootste impak van 'n veranderde klimaat sal op <u>menslike voedselproduksie en voedselbeskikbaarheid wees</u>." (1)

3.6.2 Verwys na die paragraaf onder die sub-hoof: Plantgebaseer is aan die toeneem.

Analiseer hoe 'n persoon wat aan 'n hartprobleem en hoë cholesterolvlakke ly, sal baat vind as hy hoofsaaklik 'n plantgebaseerde dieet volg om sy siekte te bestuur. (5 x 2) (10)

3.6.3 Bespreek die implikasies wat droogte op voedselproduksie sal hê. (7)

[40]

VRAAG 4: KLEDING

4.1 Bestudeer die onderstaande prente van ’n pofbaadjie in die verskillende vorme en beantwoord die vrae wat volg.

A Kontemporêre mode	**B Modelleer op die loopplank**
C ’n 1938 baadjie	**D Modeleier – Billie Eilish**

[Bron: www.google images]

4.1.1 Beskryf die term *kontemporêre mode* in prent **A**. (2)

4.1.2 Teken ’n skets van die modesiklus. Dui met ’n pyltjie aan op jou skets waar die kledingstuk in prent **A** op die modesiklus sal wees. Noem die stadium langs die pyltjie. (2)

4.1.3 Verduidelik hoe die modestyle in prente **B**, **C** en **D** aangedui ’n modeontwerper kan beïnvloed wanneer ’n kontemporêre kledingstuk ontwerp word. (3 x 2) (6)

4.2 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die vraag wat daarop volg.

Alle items is swart.
(Baadjie, romp, handskoene, handsak, handsak, skoene en sykouse)

Die ritssluiter in die middel van die baadjie, gespe van die gordel en skoenhakke is goud.

Wit kraleblomme op elke skoen.

[Bron: Google images]

Bespreek hoe die dame die pofbaadjie deel van haar professionele werksdrag maak, sodat dit geskik vir professionele werksdrag is. (3)

4.3 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

Die Beter Katoen Inisiatief (BCI – The Better Cotton Initiative) is die grootste katoenvolhoubare program in die wêreld. Minder as 20% van katoen word gegroei op 'n manier wat mense en die omgewing aktief beskerm.

Ons uitgebreide programme van opleiding, praktiese demonstrasies en kennis-meedeel help boere om die impak op die omgewing te verminder en om werkersomstandighede te verbeter. Ons spreek multi-omgewings-kwessies van grondgesondheid en insekdoder tot waterbeskerming aan – en verhoog bewusmaking van werksgeleenthede sodat mense produktief in omstandighede van vryheid, gelykheid, sekuriteit en menswaardigheid kan werk. Die fokus is veral op die bevordering van vrouebemagtiging en voorkoming van kinderarbeid.

[Bron: https://bettercotton.org]

4.3.1 Identifiseer uit die teks TWEE verskillende fokus-areas wat die woord volhoubaar beskryf. (2)

4.3.2 Noem die term wat gebruik word vir 'n maatskappy wie se produkte vervaardig word volgens etiese praktyke wat mense en die omgewing beskerm. (1)

4.3.3 Verduidelik hoe nie-organiese tekstiele as volhoubaar beskou kan word deur te verwys na die manier waarop dit verbou/geproduseer word.

Gee EEN voorbeeld van 'n nie-organiese volhoubare gewas. (4)

[20]

VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Lees die onderstaande scenario, bestudeer die tabel wat voorsien word en beantwoord die vrae wat volg.

Billy wil 'n deeltitel-woonstel as 'n belegging koop. Hy het op twee moontlikhede afgekom – beide op die grondvloer. Die een woonstel het een slaapkamer en die ander een het twee slaapkamers. Hy het navorsing gedoen en tot die gevolgtrekking gekom dat die mark wat kan bekostig om R7 000,00 per maand te betaal groter is as die een van meer as R8 250,00 per maand. Hy moet die huur wat hy op die belegging sal ontvang in gedagte hou.

	EIENDOM A: EEN SLAAPKAMER GRONDVLOER WOONSTEL	**EIENDOM B: TWEE SLAAPKAMER GRONDVLOER WOONSTEL**
Prys	R740 000 (geen oordragskoste)	R980 000 (oordragskoste R6 900)
Huur pm.	R7 000	R8 250
Heffing pm.	R977	R1 650
Belasting pm.	R320	R420
Netto huur ontvang	9,25% jaarliks	7,25% jaarliks

pm – per maand [Bron: https://businesstech.co.za]

LET WEL: Netto huur ontvang is huurinkomste minus die direkte koste, soos heffings, versekering en potensiële koste van herstelwerk.

5.1.1 Noem TWEE redes waarom Billy die koop van eiendom as 'n beleggingsopsie wil gebruik. (2)

5.1.2 Gee die naam van die kontrak waarvolgens Billy die eiendom gekoop het. (1)

5.1.3 Bespreek deeltitel as 'n vorm van eienaarskap. (6)

5.1.4 Verduidelik die term *oordragskoste*. (3)

5.1.5 Gee EEN rede waarom geen oordragskoste vir EIENDOM **A** betaal word nie. (1)

5.1.6 Lys die finansiële verantwoordelikhede van 'n huurder. (2)

5.1.7 Gebruik die inligting van die scenario en die tabel en kies watter eiendom Billy moet koop. Regverdig jou antwoord met VIER redes. (5)

5.2 Verduidelik hoe verbandterugbetaling geaffekteer word indien rente deur die veranderlike koers bereken word. (4)

5.3 Beskryf die rol van die Aktekantoor wanneer ’n huis gekoop word. (6)

5.4 Bestudeer die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. en mev. Khumalo wil ’n skottelgoedwasser koop. Hulle werk beide en as hulle ’n skottelgoedwasser het sal hulle tyd gedurende die week bespaar. Hulle het drie kinders onder die ouderdom van tien jaar oud. Hulle hou daarvan om te onthaal en braai graag naweke, so die skottelgoedwasser sal ook naweke handig wees.

Hulle kombuis het ingeboude spasie vir ’n standaardgrootte skottelgoedwasser. Hulle leef, onthaalruimte en kombuis is oopplan. Hulle het navorsing op die internet gedoen en na twee opsies gekyk. Hulle is nie bereid om meer as R4 400 vir die toestel te betaal nie.

Mev. Khumalo is van voornemens om oor die waarborg en afleweringskoste uit te vind voordat sy ’n skottelgoedwasser koop.

[Eie teks]

5.4.1 Beskryf DRIE kwessies wat die Khumalo-gesin moet oorweeg voordat hulle ’n skottelgoedwasser koop. (3)

5.4.2 Bespreek DRIE aspekte wat in aanmerking geneem moet word rakende die omgewingsimpak wanneer hulle ’n skottelgoedwasser kies. (3)

5.4.3 Identifiseer VIER verbruikersverantwoordelikhede wat mev. Khumalo nagekom het, voordat sy die aankoop gemaak het. (4)

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Verduidelik die terme *beste verkoop scenario* en *slegste-verkoop scenario*. (6)

6.2 Lys VYF maniere hoe ’n besigheid tyd in ’n produksielyn effektief kan gebruik. (5)

6.3 Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

Yolanda bak en verkoop klein individuele broodjies wat ideaal is om met sop te eet. Sy bak hulle in ’n pan wat SES mini-broodjies vat.

Haar kostes is as volg:

Koste van bestanddele vir een pan:	R35,00
Oorhoofse koste:	R40,00
Wins:	60%

6.3.1 Noem DRIE belangrike vereistes van verpakking wat op haar brood van toepassing is. (3)

6.3.2 Bereken die verkoopprys van een mini-broodjie. Toon ALLE bewerkinge. Rond dien antwoord af tot die naaste rand. (6)

6.4 Lees die onderstaande onderhoud en beantwoord die vrae wat volg.

’n Onderhoud met Maholo Ratau, ’n entrepreneur wat kontemporêre Afrika klere en bykomstighede produseer.

Hoe het jou besigheid begin?
In 2011 het ek na ’n begrafnis gegaan. Almal het die hoed wat ek opgehad het bewonder; toe neem ek bestellings. Teen Donderdag die volgende week, het ek 10 hoede verkoop en dit is waar my passie vir die besigheid begin het. Ek het begin om hoede te ontwerp en dit in my vrye tyd gemaak. Aangesien ek nog voltyds by ’n finansiële maatskappy gewerk het, het ek dit by ’n klein stalletjie by ’n naweekmark verkoop.

Wat het daarna gebeur?
Ek het aangehou om hoede by die mark en werk te verkoop. My besigheid het gegroei van hoede verkoop tot die verkoop van klere. Ek het begin om tradisionele klere te ontwerp en te maak, terwyl ek nog voltyds gewerk het. Ek het my handelsmerk ‘Ledikana’ genoem omdat die dorpie waar ek groot geword het, my ma altyd Ledikana genoem het. Sy het van mooi goed, insluitende mode en hoede, gehou. Ek het my besigheid met my spaargeld gefinansier.

Wanneer het jou besigheid ’n voltydse werk geword?
In 2014 het ek besluit dat dit die regte tyd was om my werk te los. Ek het my eerste winkel by die OR Tambo Internasionale Lughawe oopgemaak en die toeriste was lief vir my kleurvolle etniese ontwerpe. In 2016 het ek nog ’n winkel in Johannesburg oopgemaak. Ek het met een naaldwerkster begin en nou verskaf ek werk aan 12 voltydse werkers.

Wat is jou toekomsplanne en aspirasies vir jou maatskappy?
Om die handelsnaam te laat groei. Tans verkoop ek mans-, dames- en kinderklere. Ek gaan ’n nuwe reeks met grimeersakkies en elegante nuwe sjaals/tjalies vrystel.

[Bron: lionessesofafrica.com/blog/2019/11/15]

6.4.1 Kies ’n sin uit die onderhoud wat aandui dat Mapholo se benoeming van haar handelsnaam belangrik vir haar besigheid was. (1)

6.4.2 Identifiseer VIER faktore uit die eerste twee paragrawe wat verseker dat Mapholo se besigheid die potensiaal gehad het om winsgewend te wees. (4)

6.4.3 Identifiseer die faktor wat oorweeg moet word by die keuse van ’n geskikte produk vir ’n besigheid wanneer Mapholo se kliënte gaande was oor haar ware by die eerste winkel. (1)

6.4.4 Gee TWEE voordele van Mapholo se direkte verkope by die naweekmark. (2)

6.4.5 Mapholo het personeel aangestel. Lys VIER redes waarom dit voordelig is om personeel op te lei. (4)

6.4.6 Mapholo is ’n suksesvolle entrepreneur.

Analiseer die stappe wat Mapholo geneem het sedert die begin van haar besigheid totdat sy voltydse werkers aangestel het, wat ’n positiewe impak op haar besigheid gehad het, wat veroorsaak dat dit suksesvol is, (8)

[40]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou